

Historiese Kleredragte

OMDAT vandag se modes môre reeds geskiedenis is, versamel die Museum vandag al reeds die kleredragte van gister. Onder die naam "historiese kleredragte" verstaan ons dus nie net Voortrekkerrokke en kampkappies nie, maar werklik die modes van gister en eergister.

Die damesuitrusting op die meegaande foto dateer uit die tydperk 1950–1952. Die baadjie is streng volgens snyerslyne gemaak – vierkantige skouers met die klem op die middellyn. Die nuwerwetse driekwartmoue met gepunte omslae sluit aan by die gepunte kraag. Skuins ingesnyde sakkies laat die uitrusting deftig vertoon. Die romp is nouseluitend met 'n plooi agter, wat diep na die een kant oorvou.

Die modebewuste dame het hierby 'n baret of pantserdoppie gedra. Volgens die mode moes die hoedjie klein wees, pikant en eenvoudig, met 'n lawwe versiering soos 'n groot veer, bossie blomme, strik of growwe net. Die baret is reg bo-op die kop, effens oor na die een kant gedra. Die growwe net is oor die voorste hare en 'n deel van die gesig of voorkop getrek.

As 'n vrou in die mode wil wees moet haar skoene ook onberispelik wees. Regs op die foto is 'n swart gaberdine skoene met oop toon en Kubaanse hak.

Vanaf 1959 het die tone nie veel blaaskans gekry nie, soos die skoene links op die foto tereg toon. Skoenneuse word al skerp en spykerhakke of te wel "stiletto heels", wat nie eens 'n trippens kon toetrap nie, hoog in die mode.

Mans bly egter nie agter wat die mode betref nie, soos die enkelbors-pak vir die aand uit die laat vyftigerjare bewys. Die baadjie is regaf sonder enige splete met net een knoop. Die swart satynlapelle is smal en die punt sit hoog. Die broek se sakke kom uit die synaats en die broek het net een plooi voor. Die broekspye loop effe nouer na onder. Die strikdas is smal maar prominent en die stoere ou wit hemp staan sy man.

Hierdie artikels is almal geskenk deur mevrou J. Strauss van Bloemfontein.

Uitrustings soos hierbo, asook later modelle is vir die Museum van groot waarde en kan met vrymoedigheid gestuur word aan:

Die Historikus
Nasionale Museum
Posbus 266
BLOEMFONTEIN
9300

Fotos J.O.P.

Fotos J.O.P.

ONS STEL BEKEND

Die volgende nuwe personeellede

Fotos J.O.P.



Marië Botha
(Tegniese Assistent)



Cecilia Bleeden
(Kunstenaar)



Mimi Pretorius
(Vakkundige Beampte
Historiese Kleredragte)



Blanché Stoltz
(Tegniese Assistent)



Audrey van Eeden
(Kunstenaar)



Job van Staden
(Senior Vakman)



EXPORAMA

U FOTOGRAFIESE HANDLEAAR

DE ARBEID - WINKEL 1

POSBUS 726 - 7000 - 7000

BLOEMFONTEIN

WIL U FOTO'S VAN TOEKENNING GEFABRIK NEEM?

U HET ONS NODIG

EXPORAMA

VIR

• MINOLTA	• ZEISS
• PENTAX	• DONKERKAMER-TOERUSTING
• CANON	• SKERMS
• OLYMPUS	• PROJEKTORLAMPE
• KODAK	• ILFORD
• NIKON	• SUN
• POLAROID	• EMS. FNS. TNS

ALKE ANDER BYKOMINGEDI VIR PUUR RESULTATE

• PERSONELKE DIENS • LAT PAVE